

Sondag 7 Januarie

Skrifgedeelte: Esegïel 33:7-11

Fokusgedeelte: Esegïel 33:11;
Heidelbergse Kategismus 33:88

Die prediking oor bekering

Bekering is 'n saak waarvan sommige van ons nie hou nie, ook nie van preke daarvoor nie. As daar gepraat word van die bekering van heidene of van mense wat in verskriklike sonde lewe, is alles nog in orde. Sake word egter anders as my naam genoem word en pertinent aan my gesê word dat ek my moet bekeer. Dit kan nie *eie ek* meesal nie verdra nie. Dit impliseer immers dat my sienswyse en optrede onchristelik, onbybels en godde-loos is, en dat ek dit radikaal moet verander as ek gered wil word. Die negatiewe houding by gereformeerdes teenoor bekering is verder versterk deur die eensydige nadruk wat die metodiste op bekering gelê het asof dit 'n bloot menslike aksie is.

Die Skrif leer ons dat die roepstem tot bekering aan *al die mense* gerig word: nie net aan buitekerklikes nie, maar ook aan lidmate van die kerk. Al die mense word vermaan om hulle te bekeer: die ongelowige van sy minagting van God, en die gelowige van miskien sy vormgodsdienis en sy louheid. Of ons dit nou wil weet of nie, ons het sulke preke nodig, al hou ons vanweë ons sondige natuur nie daarvan nie.

Die belangrikste is egter dat God se Woord en ons belydenis ons leer dat die bekering gepreek *moet word* (HK, vr. 115). Die oproep tot bekering deur die Here kom meer as 100 keer in die Skrif voor en wel in verskillende toonaarde. Soms is dit *dreigend*: "As julle jul nie bekeer nie, sal julle net soos hulle ook almal omkom!" (Luk. 13:3). Soms is dit *verwy-tend*: "Maar (nogtans) het julle jul nie tot my bekeer nie, sê die Here" (Amos 4:6). Soms is dit *smekend*: "Waarom wil julle sterf, Israel? Dit is my wil dat die mens ... hom bekeer en bly lewe" (Eseg. 18:3). Soms is dit *pleitend*: "Bekeer julle, bekeer julle van julle bose optrede!" (Eseg. 33:1).

Met hierdie herhaling van die oproep tot bekering in Esegïel 33:11 is dit asof die Here by sy volk pleit om ter wille van hulle eie redding hulle te bekeer, want daar is geen ander wyse van redding nie.

Wat is bekering dan? Bekering is 'n radikale verandering in die lewe van die mens. Hier-die verandering begin met 'n verandering of vernuwing van die hart en gesindheid van die mens en dit werk daarna deur na al die fasette van sy lewe in gedagtes, woorde en werke. Bekering beteken dus dat die mens in sy lewe 'n 180-grade draai maak en 'n teenoorge-stelde rigting moet inslaan. Hy moet sy rug op Satan draai en die sonde wat tevore sy lewe beheer het, en begin om die Here van harte en met oorgawe te dien en sy gebooie te gehoorsaam.

In die lig hiervan moet die bekering tot God deur Christus met besieling en sterk aan-drang in die prediking verkondig word.